01 Februarie 2026

# HEIDEKOPPIE NUUS

HEIDEKOPPIE
Die Gemeente met Oop Deure

*BELEEF BEHOORT BEDIEN*




" Vir God se mense wag daar dus 'n spesiale rus soos God op die sewende dag gerus het."

Hebreërs 4:9

## DOOP

*Die doop word vanoggend bedien aan*

- Louis Johann Hasse
- Francois Wynand Kotze
- Wian Petrus Kotze
- Eliana Swart

Baie geluk aan die ouers Christian en Monique Hasse, Annina en Wynand Kotze en ook Ryno Swart en Miecke-Leché Visser.

# EREDIENSTE

## VANDAG

Deuroffers: Koninkryksfonds

*Ds Anton*
Matt 11:28-30, Heb 4:9-11
*Rus! Wat is rus?*

08:30
- Kontemporêre Diens
- Bababediening, Kinderkerke, Space

10:15
Klassieke Diens

10:30
Belydenisklas

19:00
Open Door Sundays
*Rest assured*
Past Adam




## PROGRAM

| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|---|---|
| | 08:30 Soepel Seniors<br>10:00 Silwerjare Byeenkoms<br>18:00 Finans Bed verg | 05:45 Manna vir Manne<br>09:30 Othello Biduur<br>10:00 Klaradyn Byeenkoms | 08:30 Soepel Seniors<br>09:00 Gebedsgroep<br>10:00 Bybelstudiegroep<br>10:00 en 19:00 Nuwe Lidmate Inligtings-geleentheid<br>19:00 Orkesoefening<br>19:00 Young Adults | 16:00 Racham | 08:00 Heideboetiek<br><br>09:00 Huweliksvoorbereidings-kursus |
| Ma | Di | Woe | Do | Vry | Sa |

Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
admin@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie / https://www.instagram.com/heidekoppiegemeentemetoopdeure/

**Leraar:** Ds Anton Roux 083 504 2613 ants@heidekoppie.com
**Jeugwerker**: Adam Barker 074 172 9187 adam@heidekoppie.com




## VERJAARSDAE

*Baie geluk aan die volgende persone, 70 jaar en ouer, wat verjaar!*

FEBRUARIE
02: Susan Kriek
04: Andelene Ross
06: Manda van Jaarsveld (70jr)
07: Annemarie Els (70jr), Bertus Myburgh, Bertie Truter (90jr!)



## MEELEWING

Ons was baie hartseer die week om te hoor van die skielike dood van Piet Human.
Susan en die kinders, Divan en Maresa, bly in ons gebede en in ons gedagtes. Mag hulle elke dag God se nabyheid ervaar.




Kom drink vanoggend tussen die twee eredienste (± 09:45) saam koffie in die voorportaal van die saal.

Woon een van die INLIGTINGSGELEENTHEDE by:

Do 5 Feb om 10:00 in die kleuterlokaal (ingang vanaf Stasieweg).

Do 5 Feb om 19:00 in die bovertrek (ingang vanaf die agterste parkeerterrein).

Gee asb getalle deur aan Antoinette by 082 929 4067.

## CONTEMPORARY SERVICE

This coming Sunday 8th February the 08:30 service will be in English.

# DANKOFFERS

SnapScan

Snap here to pay

BANKBESONDERHEDE:
NG Kerk Heidekoppie,
Absa Brackenfell
Universele Kode: 632005 ,
Tjekrekening nr
145 058 0674

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES



## KLASSIEKE DIENS KLANKOPNAME

In die toekoms gaan 'n **klank-opname van die klassieke diens** ("tweede diens") op 'n whatsappgroep beskikbaar wees. Om weekliks die skakel na hierdie opname te ontvang, kontak die kerkkantoor of sluit aan by die whatsappgroep deur op hierdie skakel te kliek:
https://chat.whatsapp.com/I9SR6nnJrKV4ATJMnvDUPI .

# FEBRUARIE PREEKPROGRAM



**OGGENDDIENSTE - TUISKOMS**

| | | |
|---|---|---|
| So 1 Feb | Ware Rus | Doop |
| So 8 Feb | Easy yoke / Sagte juk<br>08:30 Contemporary Service<br>10:15 Klassieke Diens | |
| So 15 Feb | Daar is plek in die Vader se huis | |
| So 22 Feb | Kom sit aan by die tafel | Familienagmaal |

**ASWOENSDAG**

Woe 18 Feb 19:00 God se oop uitnodiging

**OPEN DOOR SUNDAYS 19:00**

1st Feb & 15th Feb

# LATER DIE MAAND



ASWOENSDAGDIENS
Woensdag 18 Feb om
10:00 en 19:00



FAMILIENAGMAAL
22 Feb om 08:30
TRADISIONELE NAGMAAL
22 Feb om 10:15




TOY & HOBBY FAIR
28 Feb om 09:00

**Hebreërs 4:9** "Daar wag dus nog steeds 'n SABBATSRUS ..." (Grieks: sabbatismos)

*Hebreërs gebruik "sabbatismos" om te beklemtoon dat God se rus meer is as net 'n datum op die kalender. Dit:*

- reik terug na die voltooide werk van die skepping (4:3-4);
- wag op voltooiing vir dié wat "geglo het" (4:3) en wat "alle moeite doen om in daardie rus in te gaan" (4:11).

Daarom is "sabbatismos" nóú reeds 'n werklikheid sowel as 'n verwysing na die eindtyd:
In die hede beleef ons dit in verbondenheid met Christus en eendag sal ons dit ten volle betree met Sy wederkoms. (*Strong's Lexicon* op www.biblehub.com )

# SKAKEL IN



## YOUNG ADULTS

Is jy min of meer 18 – 26jr oud? Raak deel van die Young Adults groep op Donderdagaande om 19:00 in die bovertrek!

Ons kuier saam, leer die Here beter ken en maak nuwe vriende. Gaan by die kerk in vanaf die agterste parkeerterrein.
Kontak Adam by 074 172 9187 vir meer inligting.



## BEGRAFNISBROODJIES

Raak deel van ons span wat tydens begrafnisse broodjies maak en/of tee bedien en opwas.

Jy is nie met elke begrafnis aan diens nie, beurte word gemaak. Op hierdie manier maak jy 'n verskil aan die lewens van mense wat 'n hartseer tyd beleef.

Kontak Riana by 061 419 5664.

## KINDERKERKE

Die Kinderkerke is verdeel in verskillende ontwikkelingsfases:
Babas (0-2jr), peuters (3-4jr), kleuters (5-6jr), Gr 1-3 en Gr 4-6.

By elkeen van hierdie groepe is daar leiers wat die lesse aanbied, die administrasie doen en hulpmiddels maak.

Die "kleingroepleiers" neem verantwoordelikheid vir 'n paar kinders – sit by hulle, help hulle met aktiwiteite, fasiliteer vrae by die ouer kinders ens.

Daar is op die oomblik behoefte aan 2 addisionele kleingroepleiers by elke ouderdomsgroep.

Kontak Adam by 074 172 9187 as jy hier kan bedien.



Soepel Seniors oefen elke Dinsdag en Donderdag om 08:30 – 09:00 in die onderste saal. Dis gratis en alle seniors is welkom!

# IS JY DIE GASHEER OF DIE GAS?




BIED AAN OM GASHEER TE WEES
vir 'n ete by jou huis op 20 of 21 Februarie.
(Die gasheer kan enige persoon, egpaar of gesin wees.)

*Wanneer jy inskryf, dui jy aan*

1. Hoeveel gaste jy kan akkommodeer (bv 3, 8 ens)
2. Voorkeur ouderdomsgroep (indien dit sou moontlik wees)
3. Of kinders welkom is
4. Tipe ete: Bring-en-deel *of* Gasheer voorsien ete

Skryf in by Suzette by die kerkkantoor: 021 981 2690 (weeksoggende 09:00 – 12:00) of ontvangs@heidekoppie.com, by die kerkkantoor 'n draai te maak of vir Suzette tussen 09:00 en 12:00 in die oggend 'n luitjie te gee. Sluitingsdatum: Wo 4 Februarie.

*OF*

SKRYF IN OM 'N GAS TE WEES
by een van die gashere op 20 of 21 Februarie.
Gee asb ook jou besonderhede vir Suzette en meld hoeveel mense, ouderdomsgroep en of daar kinders is.

Gaste word dan by die gashere ingedeel.

Maar daar is 'n verrassingsele-ment: Die gashere weet nie wie by hulle gaan opdaag nie en die gaste weet nie by wie hulle gaan eet nie!

Wees gasvry en ontmoet nuwe mense.



# AAN DIE GANG




Kom vroeg voordat die grootmaat aankopers op die voorraad toesak!




Silwerjare is ons Senior Burger Klub wat 'n verskeidenheid interessante byeenkomste elke jaar het. Hulle vergader gewoonlik die eerste Dinsdag van elke maand.

Koste: R100 per jaar klubfooie en R40 per maand vir verversings.

Trek rooi en wit aan (as jy het) vir die Valentynsoggend.

Navrae: Vi Kloppers: 083 578 5789




❤️ SATERDAGAAND 14 FEBRUARIE ❤️

19H00 – 21H00

*Kom betyds!*

*Fliek:* ELEMENTAL

*Die verbode liefde tussen 'n vlammetjie en 'n waterdruppel …*

GRATIS, maar bespreking noodsaaklik.
Die hele gesin is welkom.

❤️

*Bestel 'n piekniek-ete en kom kuier saam vanaf 18:00:*
R100 vir 2 mense of R200 vir 'n gesin van 4.

Snoepie ook beskikbaar.

Navrae: Marelize Potgieter by 084 247 5330. Kontak Marelize ook indien jy iemand se ete wil borg.

Slutingsdatum vir besprekings: Vry 6 Feb
Flliek- en kosbesprekings:
https://forms.gle/GjyJRfN9byjQ1DMVA

Of hier:



# GEBED

"Here, in die dolle gejaag van die dag,
dank ek U dat daar ware rus
by U te vinde is,
al voel dit vir my of dit my bly ontwyk.

Leer my en help my om op
u voltooide werk te vertrou
en nie op my eie swak pogings nie.

Ek sien uit na die ewige rus saam met U,
maar ek wil ook nou reeds
gehoorsaam wees aan U
en hierdie rus binnegaan
wat U in u Woord beloof.

Laat ek tog elke dag leef in
geloof, vrede en hoop
wat net van U af kom.

Amen."







**Vrydag, 30 Januarie 2026**

**KORRUPSIE EN SWAK BESTUUR**

*Die Here het 'n afsku van 'n skaal wat nie reg weeg nie; net die regte gewig dra sy goedkeuring weg.* (Spreuke 11:1).

Politieke wette wat deur regerings ingestel word, beïnvloed direk die lewens van individue, gemeenskappe en selfs die Kerk. Korrupsie is 'n aanhoudende wêreldwye bedreiging wat onsekerheid bevorder en bydra tot menseregtevergrype.

**Kom ons bid**

- Bid vir plaaslike en nasionale leiers, en vra God om aan hulle wysheid, geregtigheid en integriteit te skenk.
- Bid dat die Kerk Christene sal ondersteun en mentor wie geroep is om in openbare ampte, beleidmaking of regering te dien.
- Bid dat die Kerk hulle sal aanmoedig om sout en lig te wees in daardie invloedryke ampte (Matteus 5:13-16).

**Verkondig God se geregtigheid:** Hy (is die Een) wat tye en omstandighede verander, wat konings afsit en konings aanstel... (Daniel 2:21).

Vanaf Jerigo Mure



MOSAMBIEK-VLOEDE

Honderde duisende mense is reeds beïnvloed deur die vloede in Mosambiek sedert 7 Januarie 2026.

Bid vir reddingspogings, die land en sy inwoners midde-in hierdie ramp.

# ALLERLEI

**Heidekoppie – Die Gemeente met Oop Deure**
**het tans 'n vakature vir 'n SKOONMAKER.**

Heidekoppie Gemeente het 'n vakature vir 'n betroubare detail-georienteerde skoonmaker om netheid en higiëne in ons fasiliteite te handhaaf.

Die ideale kandidaat is trots op hul werk, volg veiligheidstandaarde en sorg dat alles skoon, georganiseerd en verwelkomend is.

***URE***:
4 dag werksweek.
5 uur per dag: 08:00 – 13:00

***VERANTWOORDELIKHEDE EN PLIGTE***:
Die skoonmaak en netjies hou van die kerkgebou en stoepe wat o.a. insluit die stofsuig van matte, was van vloeroppervlaktes, afstof van meubels en oppervlaktes, was van vensters en skoonmaak van badkamers.

Ondersteuning aan die koster met take soos bv voorbereiding van lokale vir geleenthede, uitsit van asblikke ens.

***HOE OM AANSOEK TE DOEN:***
Stuur asseblief 'n CV met kontakbare verwysings na die Admin Beampte, Jackie de Klerk, by admin@heidekoppie.com of lewer af by die kerkkantoor – NG Kerk Heidekoppie, h/v Stasie- en Proteaweg, Proteahoogte, Brackenfell.
Alternatiewelik kan 'n afspraak met Jackie gereël word sodat 'n CV saamgestel kan word. Verwysings sal steeds benodig word.

**NAVRAE:**
Jackie de Klerk by 021 981 2690 (weeksdae 09:00 – 12:00) of admin@heidekoppie.com.

Die NG Kerk Heidekoppie behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.

POS BESKIKBAAR: GEKWALIFISEERDE LOODGIETER

Maatskappy in Stellenbosch is op soek na'n Gekwalifiseerde Loodgieter met raadpleegbare verwysings.
*Vereistes:*
Moet geregistreer wees by PIRB.
Kode 08 Lisensie
Eie vervoer om tot in Stellenbosch te kom.
Instandhouding en nuwe werke kan doen.
Bystandsdiens verrig
Stuur CV na: finmanager@alcogroup.co.za




Oostersee Gemeente
Frieslandstraat, Oostersee
21 Feb 18:00
R250 pp
Bespreek by 073 679 8770 of
kantoor@ngkerkoostersee.co.za

RY JY DAAGLIKS NA EN VAN BELLVILLE HOËR?

Een van ons gemeente-kinders het 'n vervoerprobleem Westcliff Skool toe soggens en terug in die middae.

(Westcliff is in Ou Paarlweg op pad na Bellville Hoër.)

Indien jy kan help (veral in die middae) kontak asb vir Lucindia by 078 110 7198.

